| | |
|---|---|
| Reportable: | YES / NO |
| Circulate to Judges: | YES / NO |
| Circulate to Magistrates: | YES / NO |
| Circulate to Regional Magistrates: | YES / NO |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

**Saakno: CA&R 62/2005**

**Saak Aangehoor: 07/08/2006**
**Datum Gelewer: 11/08/2006**
In die saak:

**SectionI.1N N MAZIBUKO** **1st APPELLANT**
**SectionI.2L LUKHELENI** **2de APPELLANT**

versus

**SectionI.3DIE STAAT** **RESPONDENT**

***Coram:*** Williams R et Olivier R

**UITSPRAAK OP APPéL**

***OLIVIER R:***

[1]

Die eerste en tweede appellante het onderskeidelik as beskuldigdes twee en drie in die Streekhof verskyn saam met nog ‘n beskuldigde, beskuldigde een. Hulle het tereggestaan op sewe aanklagte.

[2]

Aanklag een was dat hulle in die periode vanaf Januarie tot September 1999, toe hulle gearresteer is, saamgesweer het om ene mnr Bok te vermoor.

[3]

Aanklagte twee, drie en vier was geskoei op ‘n voorval wat op 29 Januarie 1999 sou plaasgevind het, toe daar op mnr Bok geskiet is en hy deur verskeie skote getref is. Aanklag twee was een van poging tot moord, terwyl aanklagte drie en vier geslaan het op die onwettige besit van ‘n vuurwapen en ammunisie tydens dié voorval.

[4]

Aanklagte vyf en ses was weer gebaseer op 'n voorval wat op 1 Mei 1999 sou plaasgevind het by die huis van me Margaret Esinkeng Damane, toe sy en andere na bewering met vuurwapens aangehou en beroof is en haar bed aan die brand gesteek is. Aanklag vyf was roof met verswarende omstandighede en aanklag ses brandstigting.

[5]

Aanklag sewe was dat die beskuldigdes in die periode vanaf 1 Mei 1999 (dit wil sĺ vanaf die voorval by me Damane se huis) tot 21 September 1999, toe hulle inhegtenis geneem is, onwettiglik in besit was van twee vuurwapens.

[6]

Sonder om op hierdie stadium enigsins met die getuienis in besonderhede te handel, was die Staat se saak in baie breë trekke dat beskuldigde een, me Nomaliza Elizabeth Bok, wat die eggenote was van mnr Bok (op sy beurt die klaer of onderwerp van aanklagte een en twee), haar man vermoor wou hĺ.

[7]

Op 29 Januarie 1999 is mnr Bok aangeval toe hy tuisgekom het en is hy geskiet. Alhoewel hy beskuldigde een by dié geleentheid vasgebind in haar kamer aangetref het, het hy haar verdink van aandadigheid in die aanval. Mnr Bok kon egter nie sy aanvaller of aanvallers identifiseer nie.

[8]

Alhoewel dit nie die onderwerp was van enige van die aanklagte teen die beskuldigdes nie, was daar ook getuienis van staatsweë dat daar op 29 April 1999 etlike skote gevuur is op die huis van me Damane, op 'n tydstip toe mnr Bok daar teenwoordig was. Dit was duidelik dat me Damane en mnr Bok ten tye van al hierdie gebeure in 'n liefdesverhouding betrokke was.

[9]

Op 1 Mei 1999, en toe mnr Bok nie daar was nie, het twee persone me Damane se huis binnegestorm. Hulle het haar, ene mnr Kok en haar

twee dogters met vuurwapens aangehou en hulle van ‘n klomp goedere beroof, waaronder die dienspistool van me Damane se seun, mnr Moleko Damane, wat ‘n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie Diens was. Die matras en beddegoed van me Damane is ook aan die brand gesteek.

[10]

Volgens die getuienis van me Damane en van een van haar dogters, die sewentienjarige Masego Antoinette Dlamani, was een van die aanvallers beskuldigde drie, oftewel dan die tweede appellant, mnr Lucky Lukheleni. Hulle getuienis was verder dat die tweede appellant op soek was na mnr Bok en hom wou inwag toe hulle besef het dat hy nie daar was nie.

[11]

Wat aanklag een betref, dié van sameswering om mnr Bok te vermoor, was die enigste direkte getuienis wat die Staat verder in hierdie verband aangebied het dié van mnr Phillimon Jim, wat getuig het oor onder andere verskeie gesprekke tussen hom, die eerste appellant, (me Nora Nomsa Mazibuko) en die tweede appellant. Volgens mnr Jim sou die eerste van dié gesprekke egter eers op 4 Junie 1999 plaasgevind het.

[12]

Dit was verder die Staat se saak dat die eerste appellant toe op 20 September 1999 ‘n sak met goedere gelaat het by die huis van me Appie, met die versoek om dit vir haar te hou. Onder hierdie goedere was twee handwapens. Die een se reeksnommer was afgevyl, maar die ander was Konstabel Moleko se pistool (wat op 1 Mei 1999 geroof is).

[13]

Dit was die Staat se saak dat die tweede appellant gedurende die vroeë oggendure van 21 September 1999 die huis van me Appie aan die polisie gaan uitwys het as die plek waar dié sak was en dat beskuldigde een en die eerste appellant ook op daardie stadium gearresteer is.

[14]

Beskuldigde een is op al die aanklagte vrygespreek en ontslaan. Die Streeklanddros

het verder bevind dat geeneen van die beskuldigdes bo redelike twyfel met aanklagte twee, drie of vier verbind kon word nie en die appellante is dus op daardie aanklagte onskuldig bevind en ontslaan.

[15]

Wat betref die gebeure van 1 Mei 1999, dit wil sĺ die voorval by me Damane se huis, was die Streeklanddros ook nie bereid om te bevind dat dit bo redelike twyfel bewys is dat die eerste appellant daaraan aandadig was nie en is sy dus ook op aanklagte vyf en ses onskuldig bevind.

[16]

Die eerste appellant is egter skuldig bevind op aanklag een (dié van sameswering om mnr Bok te vermoor) en op aanklag sewe, die onwettige besit van die twee vuurwapens wat by me Appie se huis gekry is.  Op aanklag een is sy gevonnis tot tien jaar gevangenisstraf en op aanklag sewe tot vyf jaar gevangenisstraf.  Daar is gelas dat twee jaar van die laasgemelde vonnis samelopend met die vonnis op aanklag een uitgedien moes word, met die gevolg dat die effektiewe termyn wat die eerste appellant sou moes uitdien dertien jaar gevangenisstraf is.

[17]

Die eerste appellant het slegs teen haar skuldigbevindings appél aangeteken.  Haar appél is laat aangeteken en sy doen dus ook aansoek om kondonasie.  In hierdie verband voer sy aan dat die Hof nie vir haar verduidelik het hoe om ‘n appél te loods nie en dat sy in die gevangenis bang was om uit te vra.  Alhoewel sy regsverteenwoordig was tydens haar verhoor en haar redes oor die algemeen nie werklik bevredigend is nie, meen ek dat voortgegaan moet word met die oorweging van haar appél;  hoofsaaklik omdat sy in persoon en vanuit die gevangenis haar appél aangeteken het.

[18]

Die tweede appellant is op aanklagte een, vyf, ses en sewe skuldig bevind.  Wat aanklag ses betref, is hy egter nie aan brandstigting skuldig bevind nie, maar slegs aan opsetlike saakbeskadiging, omdat daar nie bewys is dat hy die huis self aan die brand gesteek het nie.

[19]

Op aanklagte een en sewe is die tweede appellant dieselfde vonnisse opgelÍ as die eerste appellant. Op aanklag vyf (dié van roof met verswarende omstandighede) is hy gevonnis tot vyftien jaar gevangenisstraf en op aanklag ses is hy gevonnis tot drie jaar gevangenisstraf vir die opsetlike saakbeskadiging. Daar is gelas dat sy vonnisse so uitgedien word dat hy effektiewelik vyf-en-twintig jaar gevangenisstraf uitdien. Die tweede appellant kom in hoër beroep teen sy skuldigbevindings sowel as vonnisse.

[20]

Dit is geykte reg dat ‘n Hof van appél nie ligtelik sal inmeng met ‘n verhoorhof se geloofwaardigheids- en feitebevindinge nie. Ek ag dit dus onnodig om na gesag in hierdie verband te verwys.

[21]

Wat betref aanklagte vyf en ses was dit nooit werklik in geskil dat die voorval plaasgevind het, dat die goedere geroof is en dat die matras en beddegoed aan die brand gesteek is nie. Dit het maar bloot gegaan oor die identifikasie van die tweede appellant as een van die aanvallers.

[22]

Die Streeklanddros het die getuienis van die dogter, me Masego Antoinette Dlamani, rakende die identiteit van die tweede appellant verwerp; na my oordeel tereg. Dit is duidelik dat sy deurmekaar was oor watter van die aanvallers merke aan die gesig gehad het en ook dat sy maar geneig was om aan te dik.

[23]

Die Streeklanddros het egter die getuienis van die moeder, me Damane, aanvaar as nie alleen geloofwaardig nie, maar ook as bo redelike twyfel betroubaar vir die doeleindes van die identifikasie van die tweede appellant as een van die twee aanvallers; en meer spesifiek die een van gesÍ het dat hulle soek na mnr Bok en wat met ‘n vuurwapen ‘n skoot afgevuur het in die huis ten tye van die roof.

[24]

Ek is tevrede dat die Streeklanddros in hierdie verband behoorlik gelet het op die toepaslike versigtigheidsreël. Die Streeklanddros het ook in sy uitspraak gewys op

etlike betroubaarheidswaarborge vir me Damane se identifikasie van die tweede appellant. Alhoewel ek nie noodwendig daarmee saamstem dat so ‘n betroubaarheidwaarborg altyd gevind kan word in die swak gehalte van ‘n beskuldigde se getuienis nie, kan ek geen fout vind met die etlike ander betroubaarheidswaarborge wat die Streeklanddros opgehaal het nie.

[25]

Me Damane het letterlik ure gehad waarin sy die tweede appellant kon waarneem, terwyl die elektriese ligte van haar huis die vertrekke belig het. Haar dagboekie wat ook tydens dié voorval geroof is, is by sy arrestasie in die tweede appellant se besit gekry. Ek meen dat die Streeklanddros tereg sy verduideliking vir sy besit van dié dagboekie verwerp het.

[26]

Verder het die tweede appellant aan die polisie me Appie se huis uitgewys as die een waar die twee vuurwapens toe in ‘n sak gevind is, een waarvan toe heel toevallig die vuurwapen was wat uit me Damane se huis geroof is; volgens haar deur spesifiek die tweede appellant. Ek meen dat die tweede appellant se verduideliking vir die uitwysing van die sak, en sy bewering dat hy nooit geweet het wat daarin was nie, eweneens tereg deur die Streeklanddros verwerp is as vals. Ten spyte daarvan dat me Damane die tweede appellant tydens sy vroëre borgaansoek ook gesien het, meen ek dus dat die tweede appellant se identiteit op haar getuienis bo redelike twyfel bewys is.

[27]

Dit bring my dan by die getuienis van mnr Jim ten aansien van aanklag een. Hy was ‘n enkelgetuie ten aansien van die sameswering. Alhoewel hy volgens hom nooit werklik die bedoeling gehad het om self deel te wees van ‘n aanslag op mnr Bok se lewe nie, het hy op sy eie weergawe aan die onderhandelinge deelgeneem asof hy wel sou deelneem aan die moord.

[28]

Die Streeklanddros het by die oorweging van mnr Jim se getuienis gelet op die toepaslike versigtigheidsvereiste rakende enkelgetuies. Hy het boonop mnr Jim se getuienis oorweeg asof hy tegnies gesproke ‘n medepligtige was tot die

sameswering om mnr Bok te vermoor (terwyl mnr Jim volgens hom nooit werklik van plan was om daaraan deel te hÍ nie).

[29]

Die Streeklanddros het stawing gevind vir mnr Jim se getuienis in sekere faktore. Ten eerste het die Streeklanddros die tweede appellant se betrokkenheid by die gebeure van 1 Mei 1999, toe hy ook by die huis van me Damane gesoek het na mnr Bok, beskou as stawing vir mnr Jim se getuienis dat juis die tweede appellant ook vanaf 4 Junie 1999 'n sentrale figuur was in die sameswering om mnr Bok te dood.

[30]

Dit mag so wees, maar na my oordeel het die Streeklanddros versuim om oorweging te verleen aan etlike oënskynlike onwaarskynlikhede in mnr Jim se relaas.

[31]

Indien die tweede appellant al op 1 Mei 1999 aktief op soek was na mnr Bok om hom te dood, en reeds toe al self gewapen was, hoekom sou dit nodige gewees het om mnr Jim te nader? Kon dit werklik net gewees het sodat mnr Jim vir mnr Bok met behulp van sogenaamde *"muti"* kon dood? Watter rede was daar vir die appellante om te dink dat dit beter sou werk as om eenvoudig vir mnr Bok te skiet?

[32]

Selfs al sou hulle so gedink het, hoekom sou hulle juis vir mnr Jim genader het, want sy getuienis was dat hy bloot 'n *"medisyneman"* was wat beslis nie 'n bedryf gehad het waar hy mense met sy medisyne vermoor het of daarvoor bekend was nie. Bowendien was die eerste appellant self 'n tradisionele geneser.

[33]

In sy getuienis het mnr Jim aangevoer dat hy wel in die algemeen voorgegee het dat hy toordokter is om mense om die bos te lei en, soos wat hy dit gestel het, dan hulle geld te eet. Hy het beweer dat sy vriend Zamile, wat die tweede appellant na hom gebring het, vertroud was met dié bedrogspul. Mnr Jim het dus duidelik op daardie stadium te kenne probeer gee dat dit juis hierdie skema van hom en Zamile was wat die tweede appellant gelok het.

[34]

Kort daarna het mnr Jim egter beweer dat dit die eerste keer was wat hy en Zamile so-iets gedoen het. Dit het glad nie gerym met sy vroeëre weergawe nie, want dan sou hy wat mnr Jim is nog nie op daardie stadium valslik bekend gewees het as 'n toordokter nie en sou Zamile nie, om mnr Jim se eie woorde te gebruik, *"bekend met die flousery om die mense se geld te eet"* gewees het nie.

[35]

Hoekom sou die appellant bereid gewees het om vierduisend Rand af te staan aan mnr Jim en sy trawant, Zamile, as minstens die tweede appellant netsowel weer met 'n vuurwapen na mnr Bok kon gaan soek het?

[36]

Hoe waarskynlik is dit dat die appellante maar sommer sou aanvaar het dat mnr Jim se *"muti"* nie gewerk het nie nadat hulle so 'n klomp geld oorbetaal het? Op sy getuienis is hy bloot gewys waar mnr Bok bly en is hy nie eers gevra hoe hy van plan was om die *"muti"* vir mnr Bok toe te dien nie.

[37]

Hoekom sou die appellante toe, nadat mnr Jim aangevoer het dat sy *"muti"* nie gewerk het nie, by mnr Jim wou weet waar 'n vuurwapen gevind kon word om mnr Bok mee te vermoor? Op die Staat se eie saak was die tweede appellant al teen 1 Mei 1999 self in besit van 'n werkende vuurwapen, en het hy boonop toe nog 'n werkende vuurwapen geroof. Op die Staat se eie saak het die eerste appellant nog op 20 September 1999 die laasgemelde vuurwapen (en nog een) by me Appie se huis gaan versteek. Dit is, op die Staat se eie weergawe, totaal onwaarskynlik dat nie een van die twee appellante sou geweet het waar om 'n vuurwapen te kry toe die *"muti"* misluk het nie.

[38]

Hoekom sou enige van die appellante vir mnr Jim of vir Zamile verder nodig gehad het of wou betrokke hou om mnr Bok te dood toe die *"muti"* nie gewerk het nie? Hulle is, op mnr Jim se getuienis, suiwer genader op grond van sy betrokkenheid by sogenaamde *"muti"* en dit het op daardie stadium reeds misluk. Daar was nooit enige sprake hoegenaamd van die kant van mnr Jim dat die plan was dat hy of Zamile toe die skietwerk sou moes doen nie. Volgens hom sou die tweede appellant dit self doen.

[39]

Ek vind dit ook vreemd dat die tweede appellant, wat mnr Jim glad nie voorheen geken het nie, toe vir hom en vir Zamile ‘n vuurwapen sou gaan wys het en die vuurwapen as so ‘n ongewone ding sou beskou het dat hy sou gesĺ het dat die besit daarvan ‘n man van hom gemaak het en dat hy opsoek was na meerdere persone wat met hom wou baklei, sodat hy dit kon gebruik. Op die Staat se saak was die tweede appellant ‘n man wat teen daardie stadium al voorheen in besit was van ‘n vuurwapen en dit gebruik het om ‘n roof mee te pleeg.

[40]

Ek vind dit verder vreemd dat, indien mnr Jim en sy vriend Zamile nooit werklik vir mnr Bok dood wou hĺ nie en hulle bloot daarop uit was om die appellante so te laat dink en geld uit hulle te kry, hulle steeds betrokke gebly het nadat die eerste appellant duidelik gemaak het dat daar nie eers verdere geld was vir ‘n vuurwapen nie (en mnr Jim toe reeds lankal te kenne gegee het dat sy *“muti”* nie gewerk het nie).

[41]

Inteendeel, selfs nadat mnr Jim volgens hom eintlik deur die tweede appellant uit die hele plan gelaat is, het Zamile volgens mnr Jim nog betrokke gebly by die hele plan om mnr Bok te vermoor. Hoekom? Volgens mnr Jim was Zamile dan sy vriend en trawant in sulke *“flousery”* en het hulle van die begin af vir mekaar gesĺ dat hulle nie vir mnr Bok wou dood hĺ nie en dat hulle slegs so sou voorgee om geld uit die appellante te kry.

[42]

Selfs nadat beide hy en Zamile volgens mnr Jim werklik begin bekommerd raak het dat die tweede appellant inderdaad vir mnr Bok sou dood, het Zamile volgens mnr Jim hom toe by die tweede appellant geskaar.

[43]

Die Streeklanddros het heelwat waarde geheg aan die feit dat mnr Jim geweet het van die eerste appellant se spreekkamer op die perseel agter haar huis. Daar is egter ander maniere waarop mnr Jim hiervan kon geweet het; anders as om daar saam te gesweer het met die appellante (veral waar die eerste appellant dan

klaarblyklik in dieselfde besigheid as hy was).

[44]

Bowendien is daar geen aanduiding dat die Streeklanddros ag geslaan het op mnr Jim se weersprekings oor dié spreekkamer nie. Hy het eers aangevoer dat die betrokke kamer van stene gebou is, en eers nadat hy met sy verklaring gekonfronteer is, gesÍ dat dit 'n *"shanty"* was wat van sink gebou was.

[45]

Mnr Jim se getuienis dat die tweede appellant by geleentheid, toe hy vir mnr Bok aan hulle sou uitgewys het, sy kop sou bedek het omdat hy bang was dat mnr Bok hom sou herken, is ook moeilik te versoen met mnr Bok se onbetwiste getuienis dat hy die tweede appellant glad nie ken nie. Dit blyk nie duidelik uit die Staat se saak by watter een van mnr Bok se twee huise die tweede appellant volgens mnr Jim vir mnr Bok aan hom gaan uitwys het nie. Dit was egter op mnr Jim se getuienis 'n huis waar mnr Bok se kinders ook teenwoordig was en as dit die gemeenskaplike woning was waar mnr en mev Bok minstens nog op 29 Januarie 1999 gewoon het, sou mnr Jim se getuienis strydig wees met mnr Bok se weergawe dat hy nà die voorval van 29 Januarie nooit weer daar was nie (behalwe een keer toe hy uit die hospitaal ontslaan is en sy besittings gaan haal het). Mnr Jim se weergawe dat die huis van me Damane nooit aan hom gewys is as 'n plek waar hy mnr Bok kon vind nie, val ook vreemd op.

[46]

Die Streeklanddros het verder stawing gevind vir mnr Jim se weergawe daarin dat die eerste appellant op 20 September 1999 twee *"onwettige wapens"* by me Appie gaan laat het, en die Streeklanddros het daaruit skynbaar die afleiding gemaak dat die eerste appellant die wapens in haar besit gehad het omdat sy deel was van die sameswering om mnr Bok te vermoor. Dit sou egter nie die enigste redelike afleiding wees wat uit haar besit van dié wapens gemaak kon word nie. Net so redelike afleiding sou wees dat sy tog by die roof van 1 Mei 1999 betrokke was.

[47]

Laastens het die Streeklanddros stawing gevind vir mnr Jim se weergawe daarin dat die eerste appellant 'n valse alibi opgewerp het. Dit is so dat haar getuienis in hierdie verband totaal onbevredigend en botsend met haar regsverteenwoordiger se stellings was. Waar eers namens haar gestel is dat sy vanaf 25 Mei 1999 tot 1 Augustus 1999 uitstedig was, het sy later getuig dat dit vir ongeveer drie weke vanaf

20 of 21 Julie 1999 was.

[48]

Wat die tweede appellant met dié valse alibi sou wou bereik het, is onduidelik. Die roof het al op 1 Mei 1999 plaasgevind, terwyl die gewraakte sameswering vroeg in Junie 1999 sou gewees het (wat weer lank voor 20 en 21 Julie 1999 was).

[49]

Hoe dit ookal sy, stawing kan nie normaalweg gevind word in die verwerplikheid van 'n beskuldigde se getuienis nie. In hierdie verband verwys ek bloot na bladsy 586 van die werk **The South African Law of Evidence** van Hoffmann en Zeffertt se vierde uitgawe.

[50]

Dit is so dat die feit dat dieselfde persoon wat mnr Jim beweer hom genader het om mnr Bok te vermoor, naamlik die tweede appellant, heel toevallig dan ook op 1 Mei 1999 juis op soek was na mnr Bok (gewapen en terwyl hy verwys het na die feit dat mnr Bok in 'n verhouding met me Damane betrokke was), mooi inpas by mnr Jim se weergawe.

[51]

Dieselfde geld tot 'n mate vir die feit dat beide appellante duidelik betrokke was by die vuurwapens wat by die huis van me Appie gevind is. Dit is egter juis die gevaar by die getuienis van 'n medepligtige – wat mnr Jim maar vir alle praktiese doeleindes was – naamlik dat so 'n persoon oor intieme kennis van 'n misdaad beskik wat hom of haar juis in staat stel om sy of haar weergawe daardie sogenaamde *"ring of truth"* te gee. (sien **S v Hlapezula and Others** 1965 (4) SA 439 (A) op 440D-H).

[52]

Alhoewel daar dus 'n sterk vermoede mag bestaan dat daar so 'n sameswering was, is dit nie na my mening bo redelike twyfel bewys dat die twee appellante deel daarvan was nie en moes beide appellante dus volgens my op hierdie aanklag (aanklag een) onskuldig bevind gewees het.

[53]

Wat aanklag sewe betref, meen ek dat daar geen basis is waarop die Streeklanddros verkwalik kan word vir die aanvaarding van me Appie en die polisielede se getuienis in hierdie verband nie.

[54]

In die lig van wat reeds gesÍ is oor die eerste appellant se getuienis, kan die Streeklanddros ook nie gefouteer word vir sy verwerping daarvan, minstens wat betref aanklag sewe, as ongeloofwaardig nie. Me Appie se getuienis, daarenteen, was bo verdenking en dit is dus bo redelike twyfel bewys dat die eerste appellant die twee vuurwapens by me Appie gaan laat het en dat sy dus in besit daarvan was. Sy kon nie wettiglik in besit van enige daarvan gewees het nie. Die een se reeksnommer was afgevyl en die ander was Konstabel Damane se dienspistool.

[55]

Ek is van oordeel dat die tweede appellant se getuienis tereg as vals verwerp is, nie net soverre dit die gebeure van 1 Mei 1999 betref nie, maar ook vir soverre dit die uitwysing van die sak by me Appie betref. Ek ag dit onnodig om in besonderhede te handel met die tweede appellant se getuienis en is van mening dat die Streeklanddros dit behoorlik oorweeg en benader het.

[56]

Die tweede appellant se getuienis is eenvoudig deurspek van onwaarskynlikhede. Op sy weergawe moes daar een massiewe komplot teen hom gewees het, waaraan die Damane-gesin, etlike polisielede, me Appie en mnr Jim deel gehad het. Dit is eenvoudig vergesog.

[57]

Waarom sou die polisie die tweede appellant aangerand het om te erken dat die twee wapens by me Appie eintlik syne was, as dit nooit die Staat se saak was of is nie?

[58]

Die tweede appellant voer aan dat ene Luckyboy, wat 'n *"shanty"* by hom gehuur

het, hom gevra het om vir ‘n vriend van Luckyboy die huis van me Appie te wys as die plek waar die sak gelaat is, en dat hy toe later die huis aan ‘n polisiebeampte uitgewys het terwyl hy onder die indruk was dat dit inderdaad Luckyboy se vriend was.

[59]

Dit was strydig met die tweede appellant se getuienis dat hy en Luckyboy glad nie kon kommunikeer nie, weens Luckyboy se taal. Daar bestaan geen verband tussen Luckyboy en die polisiebeampte nie en dus ook geen verklaring vir waarom laasgemelde sou kom vra het na ‘n sak wat Luckyboy daar sou gelos het nie.

[60]

In elk geval sou Luckyboy mos net sowel die sogenaamde vriend direk na me Appie kon verwys het, of selfs direk na sy verhuurder, die tweede appellant, en dan die sak by laasgenoemde gelaat het.

[61]

Boonop was die tweede appellant se getuienis dat die polisiebeampte, sersant Mafa, hom by die hek van sy moeder se huis teëgekom het en hom daar gekonfronteer het oor die sak, en nie by die plek waar die tweede appellant gebly het nie. Hoe sou Luckyboy, en destemeer nog sy sogenaamde vriend, geweet het om die tweede appellant daar te kry?

[62]

Hoe sou Luckyboy nie eers vir die tweede appellant die naam gegee het van die sogenaamde vriend wat vir die sak sou kom vra nie?

[63]

Na my oordeel was dit na bo redelike twyfel duidelik dat die tweede appellant goed geweet het dat die eerste appellant die sak met die vuurwapens by me Appie gaan laat het en was dit hoekom hy haar huis aan die polisiebeampte uitgewys het.

[64]

Een van hierdie vuurwapens was die een wat die tweede appellant by me Damane se huis geroof het en hy moes dus ook vir minstens ‘n periode nà 1 Mei 1999, en dus in die tyd vermeld in aanklag 7, in besit daarvan gewees het. Hy was dan ook op 1 Mei

1999 in besit van ‘n ander vuurwapen en daar is geen suggestie dat hy wettiglik in besit daarvan kon gewees het nie. Dit volg dus dat ek van oordeel is dat die tweede appellant behoorlik skuldig bevind is op aanklag sewe.

[65]

Dieselfde geld vir sy skuldigbevindings op aanklagte vyf en ses. Wat die aan die brand steek van die bed en beddegoed betref, is die tweede appellant se weergawe as vals verwerp en is hy nie geregtig op enige ander afleiding as dat hy daaraan aandadig was nie.

[66]

Die bring my by die tweede appellant se vonnisse, en meer spesifiek die vonnisse op aanklagte vyf, ses en sewe.

[67]

Wat die vonnis op aanklag vyf betref, het die Streeklanddros bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede was wat ‘n afwyking regverdig het van die voorgeskrewe vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf nie. Ek meen dat die Streeklanddros in dié oorweging en bevinding misgetas het.

[68]

Die Streeklanddros het van die standpunt uitgegaan dat die tweede appellant, met die aan die brand steek van die bed en beddegoed, bedoel het om die huis af te brand en om me Damane en die ander persone in die huis te dood.

[69]

Daar is nooit bo redelike twyfel bewys dat die tweede appellant gepoog het om brandstigting (van die huis) te pleeg nie en dit is dan ook daarom dat hy slegs aan opsetlike saakbeskadiging skuldig bevind is.

[70]

Daar was ook geen getuienis hoegenaamd dat die tweede appellant in die proses gepoog het om die mense in die huis te dood nie. Daar was ook nooit aanklagte van poging tot moord nie en die tweede appellant het dus nooit die geleentheid gehad om hom hierop te verweer nie. Daar was geen getuienis oor die moontlikheid dat die

brandende matras die hele huis aan die brand kon laat slaan nie.

[71]

Verder het die Streeklanddros natuurlik die bevinding dat die tweede appellant deel was van ‘n sameswering om mnr Bok te vermoor, deurgetrek na aanklag vyf. Dit val natuurlik nou weg en daar was in elk geval op die getuienis geen sprake daarvan dat die tweede appellant op 1 Mei 1999 sou te kenne gegee het dat hulle mnr Bok wou vermoor nie.

[72]

Ek is ook van oordeel dat die Streeklanddros onvoldoende oorweging verleen het aan die feit dat die tweede appellant nie alleen geen vorige veroordeling van roof gehad het nie, maar ‘n algehele eerste oortreder was en dat hy ten tye van die voorval nog relatief jonk was.

[73]

Die Streeklanddros het gemeld dat die tweede appellant me Damane met die vuurwapen gekap het en het dit beskryf as dat sy *"erg verniel"* is. Toe me Damane uitdruklik gevra is of sy beseer is toe sy met die vuurwapen gekap is, was haar antwoord egter dat sy die volgende dag slegs as gevolg van die vasbind blou kolle gehad het. Haar getuienis was verder dat geeneen van die ander persone in die huis enige beserings opgedoen het nie.

[74]

Die Streeklanddros het verder bevind dat dit te betwyfel is of me Damane of enige van die ander persone in die huis ooit sou herstel van die sielkundige gevolge van die voorval van 1 Mei 1999. Me Damane se getuienis was egter dat, alhoewel sy geskrik het tydens die voorval, sy reggekom het nadat die skuldiges gearresteer is.

[75]

Alhoewel die waarde van die gesteelde goed redelik hoog is en niks, behalwe die vuurwapen, teruggekry is nie, stem ek dus nie saam met die Streeklanddros dat hierdie die mees ernstige vorm van roof was (naas ‘n geval waar iemand daadwerklik gedood is) nie. Ek meen dus

dat daar wel wesenlike en dwingende omstandighede was wat die oplegging van ‘n mindere vonnis sou regverdig het.

[76]

Die tweede appellant is op 21 September 1999 gearresteer en het deurgaan inhegtenis verkeer totdat hy op 20 Junie 2002, byna drie jaar later, gevonnis is. Dat hy self verantwoordelik was vir sommige van die vertragings in die afhandeling van sy verhoor, doen geen afbreuk hieraan nie. Na my oordeel sou ‘n vonnis van tien jaar gevangenisstraf op aanklag vyf in die omstandighede gepas gewees het.

[77]

Die beskadiging van die matras en beddegoed het wesenlik ‘n deel van dieselfde voorval uitgemaak en ek is van oordeel dat minstens ‘n substantiewe deel van die vonnis op aanklag ses samelopend met dié op aanklag vyf uitgedien behoort te word. Daar was ook nie getuienis van wat dit me Damane gekos het om die gebrande items te vervang nie.

[78]

Wat aanklag sewe betref, is dit so dat die wetgewer die onwettige besit van meer as een vuurwapen in ‘n ernstige lig sien. Hier is dit bowendien duidelik dat die tweede appellant minstens een vuurwapen ook vir ‘n onwettige doel in sy besit gehad het, naamlik toe hy op 1 Mei 1999 die roof gaan pleeg het.

[79]

Ek is egter nietemin van oordeel dat dit alles inaggenome billik sal wees dat ‘n substantiewe deel van ook dié vonnis samelopend uitgedien word met die vonnis op aanklag vyf, onder andere om die kumulatiewe effek van die verskillende vonnisse aan te spreek en gedagtig aan die besondere lang tyd wat die appellant verhoorafwagtend inhegtenis verkeer het.

[80]

Wat die eerste appellant betref, is dit so dat sy nie teen haar vonnisse appél aangeteken het nie. Dit is so dat die Streeklanddros by die oorweging van haar vonnis op aanklag sewe, teen haar in ag geneem het dat sy die vuurwapens vir ‘n onwettige doel besit het. Daardie bevinding was natuurlik gegrond op die bevinding dat sy deel was van ‘n sameswering om mnr Bok te vermoor. In die lig daarvan dat die laasgemelde bevinding nou op appél omvergewerp gaan word, sal dit net reg en billik wees as hierdie Hof in die uitoefening van sy inherente hersieningsbevoegdheid tog ingryp in die eerste appellant se vonnis op aanklag sewe; alhoewel dit

waarskynlik nie veel van 'n effek gaan hÍ vir die eerste appellant (anders as vir rekorddoeleindes) nie.

[81]

Die eerste appellant het net meer as twee jaar inhegtenis verkeer voordat sy gevonnis is. Die Streeklanddros het in elk geval destyds gelas dat sy twee jaar van haar vonnis op aanklag sewe samelopend moes uitdien met dié op aanklag een, wat haar sou gelaat het met drie jaar effektiewe gevangenisstraf vir die besit van die twee vuurwapens. Ook die tweede appellant het geen vorige veroordelings gehad nie.

[82]

**In die lig van die voorgaande word die volgende bevele gemaak:**

**1. Beide appellante se skuldigbevindings en vonnisse op aanklag een word tersyde gestel.**

**2. Die eerste appellant se vonnis van vyf jaar gevangenisstraf op aanklag sewe word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van drie jaar gevangenisstraf, wat teruggedateer word na 29 Oktober 2001.**

**3. Ten aansien van die tweede appellant se vonnisse op aanklagte vyf, ses en sewe word die volgende bevele gemaak:**

**(a) Die vonnis van vyftien jaar gevangenisstraf op aanklag vyf word tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van tien jaar gevangenisstraf, wat teruggedateer word na 20 Junie 2002.**

**(b) Die vonnisse van drie jaar gevangenisstraf en vyf jaar gevangenisstraf op onderskeidelik aanklagte ses en sewe word bekragtig, maar dit word gelas dat twee jaar van elk van die vonnisse op aanklagte ses en sewe samelopend uitgedien moet word met die vonnis op aanklag vyf, sodat die tweede appellant in totaal nie langer as veertien jaar gevangenisstraf uitdien nie.**

__________________________

C J OLIVIER
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

Ek stem saam en dit word so beveel:

C C WILLIAMS
REGTER
NOORD-KAAPSE AFDELING

| | |
|---|---|
| Nms Appellante: | Adv B Segone |
| Namens: | Regshulpsentrum, Kimberley |
| Nms  Respondent: | Adv T T Mashalane |
| Namens: | Direkteur van Openbare Vervolgings, Kimberley |

**(i)**